# SLAWERNY AGTERGROND

Slawerny aan die Kaap het duisende mense geraak. Vanaf 1658 tot 1807 is tussen 60 000 en 80 000 mense tot handelsartikels gemaak en weggevoer uit hul geboortelande en as dwangarbeid na die Kaap gebring vir die uitbreiding van die nedersetting deur die Verenigde Oost-Indische (VOC) Compagnie en later die Britse koloniale owerhede. Die mense wat aan die Kaap gedwonge 'slawe'-arbeid moes verskaf, was van Madagaskar, Suid-Asië, Suidoos-Asië en Oos-Afrika afkomstig. Gedurende die vroeë VOC-tydperk aan die Kaap is sommige vanuit Wes- Afrika hierheen gebring.

Duisende meer kinders is aan die Kaap in slawerny gebore.

Met hul aankoms aan die Kaap die Goeie Hoop, is slaaf-gemaakte mense van alles gestroop - hul kulture, tale en godsdienste - selfs hul name. As 'eiendom' is hul name volgens hul 'eienaar' se voorkeure verander. Slaaf-gemaaktes se ‘vanne’ was ‘n aanduiding van waar hulle vandaan gekom het. Hulle het geen regte tot hul eie kinders gehad nie, insluitende die reg om hulle te kon beskerm. Slaaf-gemaakte paartjies en hul kinders kon enige tyd geskei word, aangesien hulle apart van mekaar verkoop kon word; hulle kon nie eiendom besit nie; en het nie die vryheid gehad om te kies vir wie hulle wou werk of watter soort werk hulle wou doen nie. Hulle is natuurlik ook nie vir hul arbeid betaal nie.

***"Slaves [at the Cape] were auctioned alongside pieces of household furniture, farm equipment and livestock, the essence of their humanity denied," Tracey Randle, 2017***

***"I am always working; I need to rest sometimes," Slammat of Bougies, ‘n slaaf-gemaakte plaaswerker,1795.***

Die werk wat deur slaaf-gemaakte vroue, kinders en mans gedoen is, was meestal swaar. Hulle het die grootste deel van die jaar gewerk, met min tyd vir rus.

Die hande-arbeid wat nodig was om die ekonomie te vestig, is grootliks deur die slaaf-gemaakte mans en vroue verrig. Die VOC het hierdie arbeid ‘n paar jaar na die stigting van die verversingstasie begin gebruik vir die maak van paaie, om geboue op te rig, die hawe te bou, om skeepsvrag op en af te laai, ens. Koloniste het slaaf-gemaakte mense as huishoudelike werkers en plaasarbeiders gebruik. Daar was weinig verskil tussen die behandeling van slaaf-gemaaktes en die ontheemde Khoekhoen, wat by Kaapse koloniste ingeboek en gedwing is om vir hulle te werk.

# SLAWERNY ONDER BRITSE BEWIND

Aan die begin van die tweede Britse bewind in 1806 het die Kaapse bevolking bestaan uit ongeveer gelyke getalle koloniste van Europese afkoms, ‘n ‘slawe’-bevolking van Afrika- en Oosterse afkoms en die inheemse San en Khoekhoen. Uiteindelik het openbare steun in Brittanje vir die afskaffing van slawerny, wat reeds in die 18de eeu begin het, so sterk geword dat dit nie meer geïgnoreer kon word nie. In 1807 het die Britse parlement uiteindelik wetgewing ingestel vir die afskaffing van die slawehandel. Hierdie wet het nie slawerny beëindig nie – slegs slawehandel.

Teen 1807 was die Kaap deel van die Britse Ryk en dus beïnvloed deur besluite wat in Londen geneem is. Die Britse verbod op slawehandel het beteken dat geen slaaf-gemaaktes meer wettiglik na die Kaap gestuur kon word nie. Diegene wat reeds hier 'slawe' was en hul pasgebore kinders het egter die 'eiendom' van hul 'eienaars' gebly en kon steeds verkoop word. Gedurende die volgende paar jaar het Brittanje meer wette ingestel om die lewens van die Kaap se slaaf-gemaaktes te verbeter (verbeteringswette) en die omstandighede het vir sommige verbeter.

‘n ‘Slawe’ opstand in 1808 in die Swartland gelei deur Louis van Mauritius, alhoewel onsuksesvol, het gelei tot wydverspreide vrees onder ‘slawe-eienaars’ dat die slaaf-gemaaktes in hul diens tot geweld sou oorgaan. Volgehoue druk deur lede van die Britse emansipasieveldtog het daartoe gelei dat die moontlikheid van die afskaffing van slawerny ‘n werklikheid sou word. Dit was ‘n ongewilde besluit onder Kaapse koloniste. ‘n Groot deel van hul welvaart was opgesluit in hul slaaf-gemaakte arbeiders wat hul groot verliese laat voorsien het. Die 1820’s was om verskeie redes – insluitende ruwe paaie, swak marktoestande, afwesige owerheidsdienste, nuwe belastings, erge droogtes en vloede - ‘n moeilike tydperk vir die koloniste.

# REDES VIR GALANT REBELLIE

Die behandeling van slaaf-gemaaktes is bepaal deur wie hul 'eienaars' was en het dus verskil. Hoewel sommige beter behandeling ontvang het was fisiese sowel as sielkundige geweld deel van die ervaring van talle.

*Die littekenverslag van Galant van de Kaap, wat tydens sy verhoor as getuienis gedien het, kan hier genoem word. Dr. Liesching meld dat Galant 14 littekens gehad het. Hy kon egter nie bevestig watter die gevolge van mishandeling en watter die gevolge van 'n "aktiewe plaaslewe" was nie.*

Om te ontsnap was 'n voorbeeld van persoonlike verset teen die uitsiglose bestaan van slawerny. Ander vorms van verset deur slaaf-gemaaktes het brandstigting en selfs selfdood ingesluit. Sommige 'slawe-eienaars' het die hervormings en verbeteringswette vir die beskerming van die slaaf-gemaaktes geïgnoreer en voortgegaan om hulle te mishandel. Alhoewel sommige slaaf-gemaaktes wettige klagtes oor hul 'eienaars' se optrede aanhangig gemaak het, kon baie ander nie hul mishandeling aan die Beskermheer en Bewaarder van Slawe (wat deur die koloniale regering aangestel is) rapporteer nie.

Vae gerugte oor vrystelling het die rondte gedoen. Amptelike inligting hieroor was onvoldoende en die ongeletterde slaaf-gemaaktes is ook daarvan uitgesluit. Hierdie faktore was onderliggend tot die gebeure wat in 1825 op Houdenbek sou plaasvind.

Daar was ongeveer 250 slaaf-gemaaktes in die afgeleë Koue Bokkeveld teen 1825.

Die boer **Willem Niklaas van der Merwe** (36), **sy vrou Elsje** (29) en hul **vyf kinders** het op die plaas **Houdenbek** gebly. 'n Familielid, **Barend Petrus Van der Merwe** (30), sy **vrou Hester Johanna** (23) en **hul twee kinders** het op **Rietvlei** gewoon. Beide boere was 'slawe-eienaars' wat ook ingeboekte Khoe-arbeiders in diens gehad het. **Galant van de Kaap** het vir Willem Niklaas gewerk en **Abel van de Kaap** vir Barend.

Galant was teen die einde van 1824 saam met sy 'eienaar' op besoeke aan Kaapstad, Tulbagh en Worcester. Daar het hy stories oor die vrystelling van slaaf-gemaaktes by verskeie mense gehoor. Galant het daarom geglo dat alle slaaf-gemaaktes teen Nuwejaar 1825 vrygestel moes word, maar dat die koloniste daarteen gekant was. Sy afleidings was gegrond op die uitsprake van koloniste dat hulle eerder amptenare en slaaf-gemaaktes sou doodskiet as om hulle vry te stel.

# GEBEURE OP HOUDENBEK EN RIETVLEI, Februarie 1825

***Galant van de Kaap*** *was die leier van die rebellie. In die aanloop tot hierdie gebeure het hy slaaf-gemaaktes en ingeboekte Khoe-arbeiders se steun op verskeie plase in die Koue Bokkeveld gewerf. Hy het daarin geslaag om 'n paar te oortuig om deel te word van hierdie opstand teen koloniste, spesifiek* ***Abel van de Kaap*** *en die Khoe-arbeider* ***Isaac Thys****. Die plan was om plaaslike plaaseienaars te vermoor, daarna op te ruk na die Kaap en om alle slaaf-gemaaktes te bevry. Indien dit nie sou werk nie, sou die rebelle ontsnap na die gebied noord van die Oranjerivier.*



## *Aanval op Rietvlei: Dinsdagaand, 1 Februarie 1825*

Galant, Abel, Thys en nog twee Khoe-arbeiders, **Isaac Rooy** en **Hendrik** het na donker daardie aand op perde wat aan **Willem Niklaas van der Merwe** behoort het Rietvlei toe gery. Ene **Klaas** het daar by hulle aangesluit. Die groep het toe vir **Barend Petrus van der Merwe** uit die plaasopstal gelok met vee wat toevallig uit die kraal gekom het. Terwyl hy ondersoek instel glip **Galant en Abel** die kombuis binne. Galant het by die middeldeur wag gehou terwyl Abel twee gelaaide gewere, twee bandoliers met koeëls en horings met kruit in die slaapkamer gegryp het.

Barend se vrou **Hester** was reeds in die bed, maar het die indringers in die maanlig

herken.
Barend is oppad huis toe met 'n skoot hael in die hak gewond, maar kon na die Skurweberge vlug. Sy vrou en twee kinders is agtergelaat, maar nie beseer nie. Hulle het vir hul lewens gepleit met bemiddeling deur die Khoe-vrou **Jannetjie**. Daarna kon hulle, vergesel deur 'n paar slaaf-gemaaktes en arbeiders, na 'n nabygeleë veepos vlug. Die slaaf-gemaakte arbeiders van **Piet van der Merwe** het daar vir hulle 'n veilige hawe gebied. Die gewapende rebelle het te perd teruggekeer na Houdenbek.

## *Aanval op Houdenbek: Woensdagoggend, 2 Februarie 1825*

Terug by Houdenbek is die groep na Galant se hut waar hulle 'n slagding van Willem Niklaas van der Merwe gebraai het. Na hulle verder planne beraam het is hul bed toe. By die plaasopstal was Van der Merwe se gesin en hul gas **Hans Janse van Rensburg**, die eienaar van die buurplaas **Valenkloof**, reeds in die bed. Die onderwyser **Johannes Verlee**, sy **vrou Martha** en hul **jong kind** het in die buitekamer geslaap. Vroegoggend het Willem Niklaas en Hans stalle toe geloop. Die groepie rebelle was in die perskeboord versteek.

Galant, Abel en Hendrik het by die agterdeur ingestorm en twee gewere van die rak bo die bed in die slaapkamer gegryp. Die swanger Elsje was nog in die bed, maar het die twee geweerlope vasgegryp. Galant en Hendrik het haar tot in die voorhuis gesleep. Na Galant haar met ‘n skoot hael in die dy gewond het kon hulle die gewere by haar afneem. Terwyl Galant, Abel en Hendrik by agterdeur uit gehardloop het, het Willem Niklaas en Hans by die voordeur ingestorm na hulle die geweerskoot gehoor het. Willem Niklaas is in die proses skrams in die skouer gewond. Johannes Verlee het uit die buitekamer gekom om te help.




Terwyl die gewonde Elsje in die bed gelê het, het Willem Niklaas vir hul lewens gepleit. Hans het probeer om te perd te gaan hulp soek, maar die rebelle het hom teruggedryf. Hy moes op sy perd by die voordeur ingelaat word. Willem Niklaas het vir sy vrou gebid en steeds geglo hy dat hy Galant sou kon oortuig om hulle te los.

Die rebelle het verskeie skote deur die opstal se deure en vensters na binne geskiet. Galant wou die huis aan die brand steek, maar is oortuig om dit nie te doen nie omdat daar vroue en kinders binne was. Willem Niklaas is doodgeskiet toe hy vir die derde keer die deur oopgemaak het om met Galant te probeer praat. Hans en Johannes het sy liggaam binne toe gesleep.

Elsje het haarself teen hierdie tyd in die bakoond versteek, terwyl Hans in die vuurherd weggekruip het. Galant het dit geweet. Hy het met ‘n koevoet die oond van buite begin oopbreek en verskeie skote in die gat gevuur. Elsje het in die kombuis uit die bakoond geval, vol stof en grond. Sy, Martha Verlee en al die kinders is toe met die binnetrap op na die solder om daar weg te kruip. Die rebelle het weer by die agterdeur ingekom waarna Hans en Johannes doodgeskiet is. Galant het die jong Isaac Rooy gedreig om Johannes die doodskoot te gee.

Galant het Klaas solder toe gestuur om almal daar te gaan haal. Hy wou Elsje doodskiet, maar is deur haar en van haar vrouewerkers oortuig om haar lewe te spaar. Galant is deur **Betje**, die ma van twee van sy kinders, asook **Pamela**, sy ander metgesel, oortuig om haar te laat gaan. Elsje is terug bed toe gehelp en het daar gebly tot alles afgeloop het. Die rebelle het van Willem Niklaas se brandewyn gedrink waarna hul na die buurplaas Sandrivier vertrek het om die eienaar, Jan Dalree, dood te maak. Hy het egter reeds gaan wegkruip. Daarna het hulle Barend op Rietvallei gaan soek en daar verder brandewyn gedrink. Hierop is die groep na die veepos van **Piet van der Merwe**.

# AFLOOP VAN GEBEURE

Barend van der Merwe, net in sy onderklere geklee, het intussen vroegoggend berglangs gevlug tot by die nabygeleë buurplaas Sandrivier. Daar het hy die eienaar Dalree en ‘n toevallige besoeker, **William Pearson**, vertel wat gebeur het. Pearson het gaan hulp soek by die ander buurplaas Moddervallei, wat aan Willem Niklaas se broer **Isak** behoort het. Hy moes die rebelle in die rotsagtige omgewing ontglip en is uiteindelik te perd Wadrif toe om Veldkornet **Du Toit** te gaan waarsku.

Die Veldkornet het inderhaas ‘n kommando van tien mans bymekaargeskraap en na Houdenbek gejaag. Hier het hulle die dooies en oorlewendes aangetref en het die oorlewendes na Moddervallei (vandag Boplaas) gestuur. Die kommando het die rebelle op die hoogte tussen Houdenbek en Rietvlei ingehaal. Na verskeie skote uitgeruil is en Hendrik en Klaas gearresteer is, het die groepie rebelle die berge in gevlug.

**Valentyn, Vlak, Antonie en Achilles** is ook op **2 Februarie** in hegtenis geneem en op Wadrif aangehou. Abel, steeds in besit van Willem Niklaas se geweer, is op **3 Februaruie** by ‘n veepos deur ander slaaf-gemaaktes vasgetrek en aan Veldkornet Du Toit oorhandig. Galant is **op 14 Februarie** deur arbeiders in die Skurweberg vasgetrek nadat hy op Langrivier vee gesteel en op die huis geskiet het. Hy is op **15 Februarie** na Tulbagh geneem waar hy onsuksesvol probeer ontsnap het. Isaac Thys is oppad terug uit die Karoo waarheen hy gevlug het deur die kommando vasgetrek. Pamela het haarself na ‘n week in die berge oorgegee. Die gevangenes, met alle tersaaklike dokumentasie, is na die landdros op Worcester gestuur. Hulle verklarings is daar deur komissarisse geneem. Daarna is die gevangenes op **21 Februarie** vir verhoor na Kaapstad verskuif. Hulle is apart aangehou om enige onderlinge gesprekke of kommunikasie na buite te voorkom. Elsje van der Merwe is op 6 Februarie deur die distriksgeneesheer, Dr. Girth, ondersoek. Hy het verklaar dat haar toestand ‘gevaarlik’was. Landdros Trappe het haar amptelike verklaring oor die gebeure geneem. Tegniese getuienis is saamgestel om tydens die verhoor gebruik te word. Dit het die wondverslae van die dooies deur Veldkornet du Toit ingesluit, asook die mediese verslag deur Dr. Girth.

# VERHOOR

*Die rebelle se verhoor het van **14 tot 21 Maart 1825** geduur. Hulle het voor Hoofregter Sir J.A. Truter verskyn. Fiskaal D De Nysschen was die staatsaanklaer. Advokate Hofmeyr en Faure het die beskuldigdes verdedig..*

## *Beskuldigdes en Klagte*

**1. Galant:** Gebore op Willem Niklaas van der Merwe "se moeder se plek", 26 jaar oud. Slaaf-gemaakte werker van wyle W N van der Merwe. **Klag: "Kaptein van moordbende."**

**2. Abel:** Gebore in die Bokkeveld, 26 jaar oud. Slaaf-gemaakte werker van Barend van der Merwe, **Klag: "Korporaal van moordbende."**

**3. Isaac Rooy:** Gebore te Zwartberg, na bewering 18 jaar oud. Ingeboekte Khoe werker, drie jaar in diens van wyle Willem Niklaas van der Merwe. **Klag: "Voorryer van moordbende."**

**4. Isaac Thys:** Gebore te Zakrivier, 19 jaar oud. Ingeboekte Khoe werker, vier jaar in diens van wyle Willem Niklaas van der Merwe. **Klag: "Aktiewe meedoener."**

**5. Hendrik:** Gebore op plaas van Nicolaas Janssen, 24 jaar oud. Ingeboekte Khoe werker, in diens van Jan Dalree. **Klag: "Aktiewe meedoener."**


**6. Klaas:** Gebore op Bergh Vallei, plaas van Arnoldus Bothma, 35 jaar oud. Slaaf-gemaakte werker van Barend van der Merwe**. Klag: "Aktiewe meedoener."**

**7. Achilles van Mosambiek**: 40 jaar oud. Slaaf-gemaakte werker van wyle Willem Niklaas van der Merwe. **Klag: "Maak van koeëls."**

**8. Antonie/Ontong:** 40 jaar oud. Slaaf-gemaakte werker van wyle Willem Niklaas van der Merwe. **Klag: "Maak van koeëls."**

**9. Valentyn**: Gebore op plaas van Carel van der Merwe, 16 jaar oud. Ingeboekte Khoe werker, in diens van wyle Willem Niklaas van der Merwe sedert sy moeder se dood. **Klag: "Perdehanteerder."**

**10. Vlak:** Gebore op plaas van Carel van der Merwe, 11 jaar oud. Ingeboekte Khoe werker, in diens van wyle Willem Niklaas van der Merwe. **Klag: "Perdehanteerder."**



**11. Adonis**: Gebore te Uithoek, 35 jaar oud. Slaaf-gemaakte werker van J. A. du Plessis van Wagenbooms Rivier. **Klag: “Verskaf, kruit, lood, en gietvorm.”**

**12. Pamela:** Gebore te Breederivier, 25 jaar oud. Metgesel van Galant. Hulle het nie kinders gehad nie. Slaaf-gemaakte werker van “Ou-mevrou” Du Plessis. Sy het reeds drie jaar as slaaf-gemaakte arbeider vir wyle Willem Niklaas van der Merwe gewerk, maar was nog nie aan hom verkoop nie. **Klag: “Passiwiteit, stilswye.”**

**13. Petrus Josephus (Piet) (de) Campher**: Gebore in Brabant, Nederland, 34 jaar oud. Woon en werk sedert 12 Maart 1824 by Jan Dalree op Sandrivier. **Klag 1: “Por werkers aan om Willem Niklaas van der Merwe dood te maak; Klag 2: Deelname aan opstand, hoewel hy deur afwesigheid verhinder was om dit uit te voer.”**

# VERHOORPROSES

Die formele **klagstaat** bestaan uit **agt bladsye**. Dit verwys hoofsaaklik na die beplanning en uitvoer van ‘n “moordaanval op slawe-eienaars” en die omverwerping van die koloniale regering. Elke beskuldigde moes sy of haar verklaring beken of ontken. Sonder uitsondering het die verklarings soos afgelê bly staan. Die beskuldigdes kon daarna nog voorleggings doen en ook ander getuies ondervra.

Die **hoofaangeklaagde,** Galant van de Kaap, se verweer tydens die verhoor was gebaseer daarop dat hy as slaaf-gemaakte werker binne die onmenslike stelsel van wettige slawerny **1**. van sy reg op vryheid ontneem is en **2.** dat hy voortdurend op onmenslike maniere erg mishandel is en dragte slae moes verduur; ook dat hy aan ontbering onderwerp was, soos swak kos en karige kleding. Dit was ook die verdedigingsposisie van almal wat direk betrokke was by die moordaksies. Sommige van hulle klagtes is deur ander getuies gestaaf, maar meer dikwels weerspreek.

Neem die volgende in gedagte wanneer getuienis met omsigtigheid oorweeg word: Alle beskuldigdes wat direk tot die dood van die koloniste bygedra het, en dus ter dood veroodeel kon word, het waarskynlik probeer om wyle Willem Niklaas van der Merwe se optrede en behandeling van sy werkers so erg en verdag moontlik te laat klink. Hul eie optrede sou waarskynlik as geregverdig voorgehou word.

Die beskuldigdes wat bloot as medepligtiges beskou is, het oënskynlik probeer om afstand tussen hulleself en die hoofverdagtes te kry. Hulle het daarom moontlik van die aanklagte teen wyle Van der Merwe ontken.

Die hoofslagoffer, wyle Willem Niklaas van der Merwe, kon uiteraard nie sy eie verweer lewer nie. Sy vrou Elsje kon ook nie die hofsaak bywoon om te getuig nie omdat sy hoogswanger was en boonop verlam in die bed was weens haar besering.

Die regter het die getuies oor besonderhede van gebeure op 1 en 2 Februarie uitgevra. Die advokate vir die verdediging het grootliks opsommend vir hulle kliënte ingetree. *Die verweer was gebaseer op die onmenslikheid van slawerny, dié openbare debatstema van die tyd.* Die fiskaal het ten slotte die klagtes en gebeure opgesom en die swaarste moontlike strawwe versoek.

Die **uitspraak** is **op 21 Maart 1825** in die Kaapse Hooggeregshof gelewer.

# VONNISOPLEGGING EN-UITVOERING

**Drie** van die beskuldigdes is vrygespreek**. Isaac Rooy** se jeugdige ouderdom was gronde vir versagtende omstandighede. Al die ander beskuldiges is aan hul onderskeie aanklagte skuldig bevind en as volg gevonnis:

**1. Galant: "Skuldig aan sameswering tot en uitvoering van hoogverraad, moord en gewapende geweld. Vonnis: Doodvonnis***: Om aan sy nek te hang tot hy dood is. Sy kop sal verwyder word en op 'n paal geplaas word in die Bokkeveld op die mees opvallende plek."*

**2. Abel: "Skuldig aan sameswering tot en uitvoering van hoogverraad, moord en gewapende geweld. Vonnis: Doodvonnis**: *Om aan sy nek te hang tot hy dood is. Sy kop sal verwyder word en op 'n paal geplaas word in die Bokkeveld op die mees opvallende plek."*

**3. Isaac Rooy: "Skuldig aan medepligtigheid aan die uitvoering van die moordplan. Verswaring weens die dood van Johannes Verlee. Vonnis: Doodvonnis, versag weens ouderdom van slegs 14 jaar en afdreiging deur Galant**. Effektief: *Om aan nek aan galg vasgebind te word, swaar geseling oor kaal rug, daarna gebrandmerk te word, om lewenslange openbare dwangarbeid te Worcester te doen."*

**4. Isaac Thys: "Skuldig aan medepligtigheid aan die uitvoering van die moordplan; Verswaring weens algemene deelname aan alle aspekte van geweld. Vonnis: Doodvonnis**: *Om aan sy nek te hang tot hy dood is*."

**5. Hendrik: "Skuldig aan medepligtigheid aan die uitvoering van die moordplan**. **Vonnis:** *Om aan nek aan galg vasgebind te word, swaar geseling oor kaal rug, daarna gebrandmerk te word, om lewenslange openbare dwangarbeid te Worcester te doen*."

**6. Klaas: "Skuldig aan medepligtigheid aan die uitvoering van die moordplan. Vonnis:** *Om aan nek aan galg vasgebind te word, swaar geseling oor kaal rug, daarna gebrandmerk te word, om lewenslange openbare dwangarbeid te Worcester te doen."*

**7. Achilles: "Skuldig aan medepligtigheid aan die uitvoering van die moordplan. Vonnis**: *Om aan nek aan galg vasgebind te word, swaar geseling oor kaal rug, daarna gebrandmerk te word, 15 jaar openbare dwangarbeid te Worcester."*

**8. Antonie of Ontong: Skuldig aan medepligtigheid aan die uitvoering van die moordplan. Vonnis**: *Om aan nek aan galg vasgebind te word, swaar geseling oor kaal rug, daarna gebrandmerk te word, 15 jaar openbare dwangarbeid te Worcester."*

**9. Valentyn: "Skuldig aan medepligtigheid aan die uitvoering van die moordplan. Vonnis**: *Om die teregstellings te aanskou en om swaar gegesel te word by die Worcester Tronk."*

**10. Vlak: "Skuldig aan medepligtigheid aan die uitvoering van die moordplan. Vonnis:** *Om die teregstellings te aanskou en om swaar gegesel te word by die Worcester Tronk."*

**11. Adonis: Vrygespreek**

**12. Pamela: Vrygespreek**

**13. Petrus Josephus (Piet) (de) Campher: Vrygespreek**

Die veroordeeldes is op **12 Maart** via Stellenbosch onder militêre begeleiding na Worcester gebring vir die uitvoer van hul vonnisse.

**Om 08:00 op 15 Maart 1825** is die gevangenes onder gewapende begeleiding na die 'galgkoppie' wes van Worcester geneem. Die veroordeeldes het Gesang 39 ("Jesus neem die sondaars aan") gesing en Ds. Sutherland het 'n gebed gedoen.

Die drie terdoodveroordeeldes is gehang waarna die koppe van **Galant en Abel** volgens die vonnisbevel verwyder is. Hul koppe is daardie dieselfde dag op pale langs die hoofpad geplaas. Hierdie plek staan steeds as **Koppieshoogte** bekend. Hierdie aksie moes dien as afskrikmiddel vir ander.

Die ander gevangenes het hul vonnisse op Worcester begin uitdien.

So het die gebeure, wat in die volksmond as die **Tweede Slaweopstand** bekend sou word, tot 'n einde gekom.

# NAGEVOLGE

## *Koloniste*

Die vrees onder koloniste vir die moontlike gewelddadige optrede van hul slaaf-gemaakte en ingeboekte Khoe werkers het wyd versprei. Dit het gelei tot verskeie deputasies aan die owerhede wat onder andere versoek het dat die gevangenes uit die plaaslike omgewing na Robbeneiland verskuif moes word. Hierdie versoek is deur Lord Charles Somerset toegestaan, met die toegewing dat die tydsduur van vonnisse verkort is.

Die ongemaklike verhouding tussen ‘slawe-eienaars’ en hul slaaf-gemaakte werkers sou slegs nog enkele jare voortduur. In 1834 is alle slaaf-gemaaktes vrygestel. Hulle moes egter 'n onbetaalde 'vakleerlingskap' van vier jaar by hul voormalige eienaars voltooi.
Na hul vrystelling moes die voormalige slaaf-gemaaktes van die Koue Bokkeveld vol hoop gewees het vir 'n beter toekoms. Na afloop van hul 'vakleerlingskap' is die meeste van hulle egter in uiterste armoede vrygelaat. Alhoewel voormalige 'slawe-eienaars' vergoeding van Brittanje ontvang het, het geen van die voormalige slaaf-gemaaktes enige vergoeding of selfs ondersteuning gekry om hul 'nuwe' lewens te begin nie. Hulle het dus eintlik min ander keuses gehad as om na plaaslike sendingstasies te verhuis of aan te hou werk as loonarbeiders in soortgelyke omstandighede as voorheen.

## *Slagoffers*

Beide **Elsje van der Merwe** en **Martha Verlee** het teen 1826 in armoede verval en moes deur spesiale kollektes onderhou word. Elsje het op 13 Mei geboorte geskenk aan ‘n sesde kind (Elsje) maar die bankrot Houdenbekboedel geërf en Martha was in nood weens die verlies aan ‘n broodwinner. Elsje sou later in 1827 met N.W. Smith, eienaar van die plaas Langerivier trou. Hulle het drie kinders gehad. Sy sterf op 31 Mei 1834 op die ouderdom van 38 jaar.


# HOE ‘LEES’ ONS VANDAG DIE GALANT REBELLIE ?

Dit is nodig om te onthou dat die gebeure wat hier uitgebeeld word afgespeel het teen die agtergrond ‘n uitdagende natuurlike, sosiaal-politieke en ontwikkelende ekonomiese omgewing. Daar is probeer om die gebeure so akkuraat en objektief moontlik te rekonstrueer vanuit verifieerbare historiese bronne soos die amptelike historiese hoftranskripsies en adminstratiewe korrespondensie. Hierdie bronne bevat egter ook die vooroordele van diegene wat hulle neergekryf het.

Die verhaal van die Galant Rebellie het oor die afgelope 200 jaar volksbesit geword. Daar bestaan talle verskillende **weergawes, verwerkings en interpretasies** daarvan waarvan sommige meer genuanseerd is as ander. Net soos enige ander gebeurtenis uit ons geskiedenis dien dit as ‘n voorbeeld daarvan dat al die weergawes van hierdie verhaal gekleur word deur die vooroordele van die skeppers daarvan.
Dit vestig ook ons aandag op die geskiedenis van die duisende slaaf-gemaakte werkers van die Kaap en dat ons meer kan uitvind oor hul individuale lewens asook die bydraes wat hulle gemaak het tot die maatskaplike struktuur, ekonomie, beboude omgewing, kultuurgebruike (wat baie van ons se kos, taal en musiek insluit) en godsdienste wat in die Wes-Kaap beoefen word.

**Slawerny het Suid-Afrika vanaf die begin van haar koloniale geskiedenis fundamenteel gevorm en baie van die boustene gelê vir 'n samelewing wat op rasse-onderdrukking gebaseer was.** Apartheidswetgewing is net meer as 'n eeu na die vrystelling van slaaf-gemaaktes afgedwing. Baie apartheidswette, soos die Groepsgebiedewet en die paswette, was gebaseer op wetgewing wat slaaf-gemaaktes en die onteiende inheemse Khoekhoen beheer het.

**Alhoewel slawerny nou onwettig is, is dit nie iets van die verlede nie.** ***Moderne slawerny*** is 'n werklikheid vir meer as 40 miljoen mense wêreldwyd. Hierdie mense word erg uitgebuit. Ongeveer 71% is vroulik en een uit elke vier is kinders. Mensehandel – die geweldadige of misleidende beweging van mense met die doel om hulle uit te buit – is 'n vorm van moderne slawerny. Mensehandelaars word bemagtig deur die realiteit van geslagsongelykheid en politieke en ekonomiese onstabiliteit. Hulle bedryf hul besigheid wêreldwyd, op ons vasteland en in ons land.




Plase was ver van administratiewe dorpe geleë en met swak paaie verbind. Vervoermiddels was die ryperd en ossewaens. Die afstand van Houdenbek na die landdrossetel op Worcester was 110km en reistyd te perd 13 uur.

*Farms were located far from administrative towns and connected by poor roads. Means of transport were the draft horse and oxcarts. The distance from Houdenbek to the magistrate's seat at Worcester was 110km and travel time on horseback 13 hours.*




## AFRIKAANS

**Koppieshoogte. Op hierdie nou valleipunt by die Kleinvlei Uitspanning, waar alle verkeer uit die Koue Bokkeveld moes verbygaan, is die koppe van Galant en Abel op 'n 3.5m paal geplaas. Een van die kopbene was in 1840 nog daar gerapporteer.**

## *ENGLISH*

***Koppieshoogte. At this narrow valley passage on the Kleinvlei Outspan, where all traffic from the Koue Bokkeveld had to pass, the heads of Galant and Abel were placed on a 3.5m pole. One of the skulls was still reported there in 1840.***




AFRIKAANS

Die oorspronklike huis op Houdenbek (effens verbou) , met die koeëlgate nog sigbaar in die rame, is in die 1960's afgebreek. Die foto toon die voordeur na die voorhuis, die vensters na die kombuis (regs) en slaapkamer (links), asook die buitekamer. Die huis front suid, met 'n kombuisdeur (oos) en agterdeur (noord) na buite. Die skoorsteen vir die vuurherd en bakoond aan die oosgewel is nog sigbaar, asook die smal soldervenster waar die vroue en kinders geskuil het.


*ENGLISH*

*The original house on Houdenbek (slightly altered), with the bullet holes still visible in the frames, was demolished in the 1960s. The photo shows the front door to the living room, the windows to the kitchen (right) and bedroom (left), as well as the outer room. The house faces south, with a kitchen door (east) and back door (north) to the outside. The chimney for the hearth and baking oven on the east gable is still visible, as is the narrow attic window where the women and children hid.*


Rietrivier
HDB 3 Rosendal ?
HDB 2 Sandrivier
HDB 1 Houdenbek
HDB 5 Moerasvlei/Boplaas
HDB 7 Welbedagt
Die Dorp Op Die Berg
HDB 6 Wadrif
HDB 4 Winkelhaak?



Rietvallei (Barend van der Merwe)
Langrivier(JA Du Plessis)
Piet van der Merwe
(Veepos/*Stock Post*)
S K U R W E B E R G E
Kommandogeveg
*Skirmish*
Sandrivier (Jan Dalree)
Moddervallei
(Isaac van der Merwe)
Houdenbek
(Willem van der Merwe)
Valenkloof
(Hannes van Rensburg)
Wadrift
(Veldkornet WF Du Toit)
Kappieshoogte
ROETES/*ROUTES*
Galant 1 Feb
Galant 2 Feb
Hester vdM
Barend vdM
Pearson
Kommando
10 km
Google Earth
Image © 2022 Maxar Technologies




**Vermeende uitleg van die huis op Houdenbek. Dit was tipies van die tradisionele 'langhuis'-argitektuur. 'n Binnetrap het uit die kombuis na die solder gelei. Buitedeure en vensters soos op die foto of afgelei uit die verhaal.**

***Supposed layout of the house on Houdenbek. It was typical of the traditional 'longhouse' architecture. An internal staircase led from the kitchen to the attic. External doors and windows as in the photo or inferred from the story***




**AFRIKAANS**

**Hierdie gesigskets van Galant is in 1988 deur ‘n polisiekunstenaar van die meegaande beskrywing uit die Cape Town Gazette and Commercial Advertiser van Saterdag 12 Februarie 1825 gedoen**

***ENGLISH***

***This facial sketch of Galant was done in 1988 by a police artist of the accompanying description from the Cape Town Gazette and Commercial Advertiser of Saturday 12 February 1825***

*Description af* GALANT, *Male Slave of the late W. N. van der Merwe.* ;—

About 30 years of age, dark complexion, long face, thick lips, small grey eyes, about $5\frac{1}{2}$ feet high, black curly hair: has lost one of his fore-teeth: has a scar upon one of his cheeks, and another upon one of his feet.—When last seen was dressed in a blue coat belonging to *Dalréé.*


Charles Bell

C. Bird 16

No. 1184

L. H F. 46
to
L. R F. 12

OFFICE FOR THE ENREGISTERMENT OF SLAVES,

*Cape of Good Hope, Cape Town,* 30th October 1818

THESE are to certify, that Mr. Matthiam F. Coffman

having sold to Mr. Philip Rensz

residing at Cape Town . . . . as it appears

by a Document dated This Thirtieth Day of October 1818 and

deposited in this Office, his male Slave, named


Adonis . . . now old about Nineteen Years and three Months born

in the Colony. being a House Boy.

said Slave has accordingly been transcribed and duly registered as the property of said Mr.

Philip Rensz

G. J. Rogers
Inspr.


Procession in the
Liberation Cape Town



*Slaves.*

*Shewing the Method of Chaining them.*

**No. 19.**


**G.** **R.**

(*Signed*)
RICH. BOURKE.

# ORDINANCE

## *Of His Honor the Lieutenant-Governor in Council,*

For improving the Condition of the SLAVES at the Cape of Good Hope:




**AFRIKAANS**
**André P Brink verklaar self sy weergawe van die storie oor die Houdenbek moorde is fiktief. Dit mislei mense dikwels oor die ware gebeure.**

***ENGLISH***
***André P Brink himself declares that his version of the story about the Houdenbek murders is fictitious. It often misleads people about the true events.***

## *Bronne:*


Parliament of South Africa

NLSA

Theal GM 1904.
Records of the Cape Colony from February to April 1825. Vol 20.
Government of the Cape Colony.

Warnich PG 1988.
Die toepassing van slawewetgewing in die landdrosdistrik Tulbagh/Worcester, 1816-1830.
MA-tesis, Universiteit Stellenbosch.